

# RWS & RMS INLIGTING

## VOLHOUBAARHEID

Die definisie van volhoubaarheid in verhouding met die gebruik van 'n natuurlike hulpbron, beteken dat die hulpbron só gebruik word dat:

- Dit nie tot die afname van die natuurlike hulpbron op die langtermyn lei nie.
- Dit nie die ekologiese integriteit van die ekosisteem versteur nie.
- Dit verseker dat die voortgaande gebruik van die hulpbron in die behoeftes van huidige en toekomstige geslagte mense sal voorsien, m.a.w. die uithouvermoë van stelsels en prosesse. *(acilliers@conservation.org)*

## WAARUIT BESTAAN VOLHOUBAARHEID EN HOEKOM IS DIT BELANGRIK?

- Volhoubaarheid rus hoofsaaklik op 3 pilare, nl:
  - Omgewing
  - Samelewing
  - Ekonomie (die ekonomie en samelewing word beperk deur die omgewing)
- Volhoubaarheid impliseer die verantwoordelike en pro-aktiewe besluitneming en innovasie wat negatiewe impak verminder en balans hou tussen ekologiese veerkragtigheid, ekonomiese welvaart, politieke geregtigheid en kulturele lewenskragtigheid om 'n gewenste planet vir alle spesies nou en in die toekoms te verseker.
  - Veerkragtigheid in die ekologie is die vermoë van 'n ekosisteem om versteuring te absorbeer en nog steeds sy basiese struktuur en lewensvatbaarheid te behou.
  - Toekomsgerigtheid impliseer dat deur goeie boerderypraktyke te beoefen, verseker dit dat boere volle voordeel kry van die omgewing, terwyl hulle dit bewaar vir die nageslag.

## WAT SOEK DIE MARK?

Die mark vereis volhoubaarheid en naspeurbaarheid. Deur aan die mark se behoeftes te voldoen, kan dit tot moontlike premies vir produkte gelewer lei.

## OPSIES

Die Textile Exchange (TE) is 'n nie-winsgewende organisasie wat in 2002 ontstaan het en is verbind tot die verantwoordelike uitbreiding van tekstielvolhoubaarheid, regoor die globale tekstielwaardeketting. TE se HK is gesetel in die VSA, met personeel en kontrakteurs in agt verskillende lande. TE het verskillende standaarde ontwikkel vir die tekstielindustrie, ter ondersteuning van spesifieke vereistes.

## WORD DAAR WERKLIK 'N GLOBALE STANDAARD BENODIG?

- Sommige reken dat dit nie nodig is nie, maar die Textile Exchange het egter 'n duidelike boodskap van 'n groot hoeveelheid handelsmerke gekry dat dit wel benodig word.
- In bykans elke industrie in die wêreld, begin verbruikers vrae vra oor waar hul produkte vandaan kom. Verbruikers verwag van verskaffers en maatskappye van wie hulle koop, om te alle tye hoë etiese standaarde te handhaaf in alle aspekte van hul besigheid; hulle vra nie net nie, maar vereis dat die verskaffing van vesel vry is van twyfelagtige praktyke.

## RESPONSIBLE WOOL STANDARDS (RWS) & RESPONSIBLE MOHAIR STANDARDS (RMS)

Alhoewel daar verskeie erkende standaarde wêreldwyd is en ook onder TE resorteer, het OVK besluit op RWS, omdat dit die standaard is wat deur die meeste handelsmerke in die wolindustrie erken word. OVK is inderdaad gesertifiseer om produsente by te staan om RWS gesertifiseer te word.

## SLEUTELPUNTE VAN RWS

- Verlaag die risiko van handelsmerke, die voorsieningsketting en wolprodusente.
- Beskerming van dierewelsyn wat berus op die vyf vryhede van diere naamlik:
  - Vryheid van honger en dors
  - Vryheid van ongerief
  - Vryheid van pyn, besering en siekte
  - Vryheid om normale gedrag uit te leef
  - Vryheid van vrees en nood
- Behoud van die bodem
- Korporatiewe Sosiale verantwoordelikheid
- Naspeurbaarheid van die voorsieningsketting
- Geloofwaardige sertifisering deur 3de party oudits
- Kommunikasie met vertroue (slegs 100% gesertifiseerde wol mag die RWS merk dra)
- Aandeelhouer betrokkenheid, wat beteken dat die proses ontwikkel is deur 'n wye spektrum van kenners
- Dit ontwikkel 'n skakel tussen handelsmerke en produsente.

## RESPONSIBLE MOHAIR STANDARDS

RMS word op sy beurt eersdaags uitgerol en bekendgestel aan die sybokhaarindustrie in Suid-Afrika. Dit is gebaseer op die beginsels van RWS en sal sybokhaarprodusente in staat stel om aan internasionale standaarde te voldoen, soos onderskryf deur die Textile Exchange, volgens die vereistes van handelsmerke van reg oor die wêreld.
OVK is inderdaad gerat om ook produsente by te staan en te lei om RMS gesertifiseer te word. Skakel gerus met die OVK veselkantoor in Port Elizabeth, of met u OVK Tegniese Veldbeampte vir verdere besonderhede en bystand.

**VIR MEER INLIGTING, KONTAK GERUS:**
OVK Veselkantoor - Port Elizabeth: 041 406 7500

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE





